

KREATIEWE FASILITERING

Werkswinkel

Dr. Roelf
Opperman

Ds. Fritz
Snyman

Ontwikkel jou leierskap deur die vaardigheid om mense en groepe te help beweeg na plekke waar hulle moeilik op hulle eie sou kom.

As predikante word ons dikwels gevra om leiding te neem wanneer gemeentes, kerkrade, bedieningspanne of ander groepe voor uitdagings staan. Ons eerste reaksie is maklik om te **probeer oplos, besluit of verduidelik**.

Fasilitering bied 'n ander moontlikheid.

Dit help jou om 'n groep só te begelei dat mense self kan dink, luister, ontdek, deelneem en saam nuwe moontlikhede kan ontwikkel. Die fasiliteerder skep die ruimte en gebruik doelgerigte prosesse om die **wysheid**, kreatiwiteit en potensiaal wat reeds binne die groep is, te **ontsluit**.

Dit is 'n vaardigheid wat jou leierskap kan verdiep en jou help om met groter vertroue met komplekse gemeentelike- en kerklike prosesse te werk.

WAARMEE GAAN ONS PRAKTIES WERK?

Die kursus is veral relevant vir predikante en fasiliteerders wat:

-  vasgeloopde strukture, spanne en sisteme wil help beweeg;
-  konflik binne groepe en sisteme moet fasiliteer;
-  mense deur verandering moet begelei;
-  verskillende perspektiewe en spiritualiteite in 'n groep moet akkommodeer;
-  groot groepe wil help om beter te kommunikeer en saam te dink; en
-  praktiese, kreatiewe gereedskap vir die begeleiding van volwasse groepe wil aanleer.

ONS KOMBINEER TEORIE, PRAKTIESE OEFENINGE, KREATIEWE PROSESSE EN WERKLIKE SITUASIES.

Jy gaan dus nie net oor fasilitering hoor nie – jy gaan dit self beleef.

Onder andere kyk ons na:

-  die teorie én praktyk van fasilitering;
-  fasilitering van konflik;
-  die begeleiding van vasgeloopde ("stuck") spanne;
-  prosesse om kommunikasie binne groot groepe te versterk; en
-  praktiese "tools" om volwasse spanne kreatief te fasiliteer.

WANNEER?
Maandag 2 en
Dinsdag 3 November 2026

WAAR?
NG Kerk Lynnwood
Alpineweg,
Lynnwood, Pretoria

KURSUSFOOI
R1 500
per persoon
Verblyf nie by die
kursusfooi ingesluit nie.

VBO
16 VBO-punte

BRING SAAM
Jou leerbare self,
'n notaboek en
'n pen.

INSKRYWING

 Michaela Mostert
 071 427 5045
 info@bronzebaobab.com

OF

VIR VERDERE KURSUSINLIGTING

 Dr. Roelf Opperman
 082 335 1156
 roelf007@gmail.com

REGISTREER HIER >

<https://bronzebaobab.com/registration.php>

Mense • Idees • Moontlikhede